

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
4 Maart 1979

Onderwerp: Die Doop

Lees: Romeine 6 verse 1 tot 13
1 Korinthiërs 6 verse 9 tot 11

Teks: Romeine 6 vers 4
1 Korinthiërs 6 vers 11

Sing: Gesang 23 verse 1 en 2
Gesang 318
Gesang 320 verse 1 en 2

“Is jy gedoop? Natuurlik! Hoe sou jy nie gedoop wees nie? Ons is tog immers ’n gedoopte nasie. Vir verreweg die grootste deel van die Afrikanernasie is die feit dat ons gedoop is en gedoop moet wees, ’n vanselfsprekendheid.

“Jy vind dat mense wat ver van die kerk af lewe, vir wie die kerk geen wesenlike waarde meer het nie en vir wie die Nagmaaltafel ’n onbekende plek is, tog nie van die Doop wil afsien nie. Hulle kinders moet gedoop wees. Hulle neem ernstig aanstoot as die kerk dit durf waag om selfs te vra, waarom hulle dit begeer? Hoe kan so iets ooit gevra word? ’n Mens moet mos gedoop wees. Dit hoort tog so.

“En tog hoe weinig van ons is daar wat werklik ons doop verstaan en in die troos daarvan lewe? En dit geld nie net vir die onverskilliges, wat buitendien niks van die heerlikheid van die Evangelie verstaan nie. Dit geld ook vir getroue kerkmense. So min van ons lewe vanuit ons doop en die betekenis daarvan.

“Nou is dit so dat ons Katkisasie dae dikwels so ver agter ons lê, dat ons nie meer die diamant van ons doop uit die stof van eertydse kennis kan opdiep en waardeer nie. Laat ons maar erken. Die Doop het vir baie mense min betekenis.

“Selfs die kerk gee min aandag aan die Doop. Jy sien mense wat gedoop is, wat dikwels bearbei word asof die Doop geen betekenis het nie. Asof daar geen verskil tussen die gedoopte en die ongedoopte is nie.

“Het die Doop vir jou enige betekenis?

“Broers en Susters, ons moet weer leer wat die Doop beteken. Die *Formulier vir die bediening van die heilige Doop aan kinders* som dit op: ‘Die heilige doop

betuig en verseël aan ons die afwassing van die sondes deur Jesus Christus.’

“Ons wil hierdie tema graag vanmôre vanuit twee gesigspunte beskou: Die Doop verkondig aan ons hoe die afwassing van ons sondes geskied; en verseker ons dat hierdie afwassing op ons persoonlik betrekking het.

“Die Doop is ’n verkondiging van die Evangelie. Miskien verstaan baie lidmate dit nie so nie. Hulle vind dikwels die doopplegtigheid vervelig en kan nie wag dat die preek moet begin nie. Want slegs die preek is vir hulle die verkondiging van God se Woord.

“Maar ons moet leer om dit anders te sien, want duideliker as die Doop kan geen preek God se Evangelie verkondig nie! Wie geleer het om die taal van die doopwater te verstaan, kan nie anders as om aangegryp te word by die bediening daarvan nie.

“Broers en Susters, verstaan ons wat die doopwater aan ons wil sê? Die water vertel ons van die sonde en onreinheid in ons lewens wat afgewas moet word. Die doopwater maak ons oë oop. Dit laat ons onself sien soos ons in die verborge dieptes van ons bestaan is. Ons is vuil, besmet en belaaï met die skuld van ons sondes. As dit nie so was nie, sou dit nie nodig gewees het dat ons gewas moes word nie.

“Die feit dat ons gewas moet word, roep uit dat ons onrein is voor God. Ons moet gereinig word. En dit het nie betrekking op ons fisiese liggame nie. Ons is meestal netjies daar by die doopfont. Nee, die Doop spreek juis van die reiniging van die siel. Die Doop sê vir ons dat ons in ons onreinheid verwerplik is voor God vanweë ons sonde. Dat ons nooit só die ewige lewe kan beërwe nie, tensy ons gewas en gereinig word van al ons onreinheid. Dit is asof daar by die doopfont ’n x-straalfoto van ons geneem is, wat regdeur ons sien en ons sondige lewe voor God blootlê.

“Daarom Broers en Susters, of ons ryk of arm is, geëerd of nie, het die Doop een boodskap vir ons almal: Julle moet gewas word van die onreinheid van julle siele, want julle is deur en deur onrein.

“Ons onreinheid bestaan uit twee aspekte: Eerstens is ons in sonde ontvang en gebore; en tweedens is daar die sonde wat ons self doen. Wat ons erfsonde betref, skryf die Heidelbergse Kategismus: ‘Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan? Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys. Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.’ (HK Sondag 3 Vraag 7)

“Maar ons is skuldig voor God, nie alleen omdat ons as kinders van Adam deel het in die gemeenskaplike skuld van die mensheid wat van God afvallig geword het en die rug op Hom gekeer het nie. Maar ook omdat ons is wat ons nie moet wees nie. Omdat ons lewensrigting anders is as wat God dit wil. Ons ganse swart bevlekte lewe lê by die doopfont oop voor God se aangesig.

“Aan die ander kant verkondig die Doop die heerlike waarheid dat daar vernuwing deur die afwassing van ons skuld is. Broers en Susters, dit is ’n genade dat die Doop nie net aan ons die eis van reiniging verkondig nie, maar ook dat ons in Jesus Christus gereinig word.

“Die Doop wys ons heen na Jesus Christus se kruisiging, waar Jesus ons sondeskuld volkome by God betaal het. Deur sy offerhande het Hy ook die mag van die sonde gebreek, sodat almal wat in Hom vergifnis ontvang het, nie meer onder die mag van die sonde hoef te lewe nie. (Romeine 6)

“Die Heidelbergse Kategismus beskryf die verband tussen die Doop en Jesus se offerande aan kruis: ‘Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom? Só: Christus het die uitwendige waterbad ingestel. Daarby het Hy beloof dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is van al my sondes, gewas is, as wat ek uitwendig met die water gewas is wat die vuilheid van die liggaam wegneem.’ (HK Sondag 26 Vraag 69) Die was van die water by die Doop verteenwoordig dus die was in die bloed van die Lam, wat die sondaar reinig van alle sonde.

“Jesus se kruisdood het ook die uitstorting van die Heilige Gees moontlik gemaak. Jesus het gesê: ‘Dit het Ek tot julle gesprek terwyl Ek by julle bly; maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.’ (Joh 14:25,26) En waar die Gees van God woon, moet die smet van die sonde hoe langer hoe meer verdwyn.

“Broers en Susters, in die lig hiervan vra ek julle nou vanmôre, hoe is dit moontlik dat die Doop as ’n vervelige Sakrament beskou kan word? Die Doop verseker ons dat die afwassing van die sonde ook op ons van toepassing is. Wanneer die Woord van God ons aanspreek en vertel dat die bloed van Jesus Christus ons reinig van alle sonde, het hierdie heerlike waarheid betrekking op mense in die algemeen. Maar wanneer

dieselfde boodskap deur die Doop verkondig word, word dit 'n persoonlike boodskap. Dan sê dit dat Jesus Christus hierdie besondere persoon wat gedoop word, met sy bloed wil afwas. Daarom word ons name by die Doop genoem. Dit gaan hier by die doopfont oor ons persoonlik. Hier word ons by ons naam geroep en hoor ons die blye tyding: Jou sondes word afgewas met die bloed van Jesus.

“Omdat die Doop persoonlik is, is dit meer as 'n verkondiging. Dit is 'n versekering. Dit is die wese van 'n Sakrament dat dit 'n teken en seël is. As teken verkondig dit 'n bepaalde waarheid. As seël gee dit ons die versekering dat hierdie waarheid ook vir ons bedoel is. Die gedoopte het dus hierdie versekering dat die enige offerhande van Jesus Christus aan die kruis ook vir hom persoonlik bedoel is. God belowe dit nie net nie, maar sê dit deur hierdie seël en teken aan elke gedoopte. Dit is vir jou.

“'n Gedoopte mens, wat Jesus Christus as sy Verlosser aangeneem het, mag dus sê: Die bloed van Jesus is vir my gestort. Die Gees van God is aan my gegee. God het my gereinig deur vergifnis en is besig om my te reinig deur innerlike vernuwing. Ek weet dit, want ek is gedoop! Ons word dus hier by die doopfont as't ware ingedompel in die see van God se genade en die stroom van sy ewige liefde.

“Kan dit wees? Beteken die Doop werklik soveel? Ja, sê die Heidelbergse Kategismus. Ons word immers gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat beteken dat daardie mens gestel word in die volle gemeenskap en genade van die Drie-enige God. Die Doopformulier beaam dit as dit sê dat die Drie-enige God Homself in al sy gawes in die Doop aan jou gee en van jou eis dat jy sy eiendom is, as jy Jesus Christus as Verlosser aanneem.

“En wat is die konsekwensies hiervan in jou en my lewe? Die Doopformulier stel dit so mooi en so duidelik: 'En as ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in die sondes bly lê nie: die doop is immers 'n seël en ontwyfelbare getuienis dat ons 'n ewige verbond met God het'.

“Mag ek raai wat in julle hart omgaan as julle dit alles hoor? Dat hier te veel gesê is? Sal alle mense wat gedoop is, gered word? Is die blote feit dat 'n mens gedoop is, ook die versekering dat sy sondes afgewas is, of hy nou glo of nie?

“Nee, Broers en Susters, ons moet julle daarop wys dat wat in die Heidelbergse Kategismus van die Doop staan, ’n belydenis van ’n gelowige is. Die Doop, net soos al die beloftes van God, vra dat ons moet glo in Jesus Christus as ons Verlosser. Hiersonder kan al hierdie heerlike dinge nie in ons lewe in vervulling gaan nie. Die geloof is immers die hand waarmee ons hierdie beloftes van God kan toeëien.

“En wat van die ongelowige gedoopte? Broers en Susters, God het in die doop van so ’n persoon persoonlik die versekering gegee dat die afwassing van die sondes ook vir hom bedoel is. Maar in so iemand se geval gebeur die onverklaarbare. So iemand het God se beloftes in sy gesig teruggegooi en die bloed van Jesus onder sy voete vertrap. Vir hom is die Doop die nooit swygende aanklag dat hy gesondig het teen God se genade.

“Daar is in die Hel nie ’n groter triomf as wanneer ’n gedoopte mens dwars teen sy doop in, verlore gaan omdat hy nie glo nie. Daar kan geen groter verwyt wees vir ’n siel wat moet sê nie: Ek was gedoop en tog het ek Jesus Christus nie aanvaar nie.

“Jy is ook gedoop. God gee jou die versekering dat Hy deur die bloed van Jesus Christus al jou sondes afgewas het. Maar glo jy dit werklik? As jy glo, mag jy weet dat jy gewas is. As jy nie glo nie, moet jy weet dat jou doop jou veroordeel.

“Mag God ons help om onvoorwaardelik te glo.

“Amen.”

Kommentaar:

Om die Doop te verstaan, moet ons eers begryp wat die verbondsbelofte is wat God met elkeen van ons met ons doop gemaak het.

God se verbond met jou is, dat Hy belowe dat Hy jou sal red as jy Jesus Christus as jou Verlosser aanneem.

As jy gedoop is en Jesus Christus as jou Verlosser aanneem, is jy gered. Daarenteen, as jy gedoop is en jy verwerp Jesus Christus, geld die belofte nie vir jou nie en is jy verlore.

Die Doop is ook nie nodig om gered te word nie. Die misdadiger wat langs Jesus Christus aan die kruis gehang het, is gered sonder dat hy die geleentheid gehad het om gedoop te word.

Al wat nodig is om gered te word, is om Jesus Christus as jou Verlosser aan te neem. Dít is wat God jou by jou doop belowe het.

En God, wat so almagtig en groot is dat Hy die hele heelal geskep het, het hierdie verbond met jou persoonlik by naam gesluit. En laat ons mooi verstaan. Dit kom van God af. Dit is nie 'n seremonie wat die mens uitgedink het nie.

God Self het met jou persoonlik 'n verbond gesluit.

As jy die Doop reg verstaan, kan jy nie anders as om dit met die grootste eerbied en ontsag te beskou nie.

En dank God met eerbied en ontsag vir die verbond wat Hy Self met jou gesluit het.



P.S. Kinderdoop en onderdompeling is beskryf in die *Kommentaar* by die preek *Moses* van 3 Desember 1978.